**Geskiedenis SG VR2** **November 2007**

**ALGEMEEN**

Die grootste persentasie van die leerders het die vraestel bevredigend beantwoord.

**Opstelle:**

1. Meer kandidate het twee opstelle aangepak omdat hulle die vrae korrek kon interpreteer en verstaan.

2. Meeste kandidate is gepenaliseer vir swak strukturering van die opstel (inleiding en samevatting).

**Brongebaseerde vrae:**

Oor die algemeen is die brongebaseerde vrae goed beantwoord en toon die kandidate vaardighede en insig in hierdie tipe vrae.

1. Kandidate het dit moeilik gevind om interpretasievrae te beantwoord. Hulle het slaafs bronne oorgeskryf.

2. Kandidate het dit ook moeilik gevind om relevante inligting uit bronne te onttrek en 'n sinvolle paragraaf te skryf.

3. Leerders wat Vraag 6 (Koue Oorlog) aangepak het, het dikwels nie die inhoud van die tema geken nie. Die vraag is dus swak beantwoord.